Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 6: *Toldot* (תולדות) – Geslagte / Generasies

Dit is die geskiedenis van Yitz'gak, die seun van Avraham: Avraham was die vader van Yitz'gak. Gen. 25:19 PWL[1]

Torah: Gen. 25:19 tot 28:9.

Haftorah: Maleagi 1:1 tot 2:7

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 6 wat afgelaai kan word by: Parashah6Notas14, Parashah6Notas15 en by Parashah6Notas.16.

Be more concerned with your character than your reputation, because your character is what you really are, while your reputation is merely what others think you are – John Wooden

The road to success is not straight. There is a curb called Failure, a loop called Confusion; speed bumps called Friends; red lights called Enemies; caution lights called Family. You will have flats called jobs. But, if you have a spare called Determination; an engine called Perseverance; insurance called Faith, and a driver called Yeshua, you will make it to a place called Success!! – Anonymous.

Speak when you are angry, and you will make the best speech you'll ever regret – Lawrence J. Peter.

God grant me the serenity to accept the things I cannot change, courage to change the things I can, and wisdom to know the difference – Reinhold Niebuhr.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Torah Bespreking

Hersiening

Die lewensjare van Abraham en Sarah dien as onderrig tot stigting, troos en bemoediging, want albei het in vertroue en gehoorsaamheid tot en met hul sterwensdag gedoen wat Vader-God van hulle gevra het. Hulle is rolmodelle vir ons wat die nageslag van Abraham deur vertroue in Yeshua as Messias is! Die patriarg en matriarg van ‘n lewe van vertoue en gehoorsaamheid.

Sarah se lewensjare was, soos die van Abraham, ook een van vertroue en gehoorsaamheid en daarom word sy ook gereken as een van die geloofsreuse van die verlede soos ons in Heb. 11:11 en 12 lees:

11 *Deur vertroue het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee omdat sy seker was dat Hy wat dit beloof het, vertrouenswaardig is;* **12** *daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, wat nie getel kan word nie, gebore.*

Abraham, Sarah, Isak en Jakob het almal in vertroue aangaande daardie dinge wat ‘n versekerde verwagting is, gesterwe sonder om die beloftes te ontvang.

13 *In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op ’n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is,*
14 *want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle ’n stad soek.*
15 *As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,*
16 *maar nou is dit duidelik dat hulle na ’n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om húlle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ’n stad voorberei.*
Heb. 11:13 tot 16.

Mag ons lewensjare ook wees soos die van Abraham, Sarah, Isak en Jakob. So ook moet ons onsself daagliks daaraan herinner dat ons is vreemdelinge en nomades hier op aarde. Ons verlange moet nie na die aardse wees nie, maar na die hemelse! Daarom moet ons daaglikse gebed steeds wees: Laat U Koninkryk kom, laat U wil gedoen word, op die aarde soos in die hemel (Matt. 6:10).

Ons lewensjare moet ook ‘n vaste vertroue wees van die oortuiging aangaande daardie dinge wat ‘n versekerde verwagting is. ‘n Vertroue asof daardie dinge reeds in aksie is en die openbaring is van die dinge wat nog nie fisies gesien word nie (Heb. 11:1).

Gen. 25:21 – Namens Sy Vrou!

Yitz’gak het gebid tot יהוה *namens sy vrou, want sy was onvrugbaar en* יהוה *het sy gebed verhoor sodat sy vrou Rivkah swanger geword het.*

In die 1953 vertaling lees hierdie teksvers dat Isak vir YHVH gesmeek het en in die King James lees dit: *And Isaac entreated the LORD*! Die Hebreeus vir *gesmeek* en *entreated* is *atar* (עתר). Bill Bullock (The Rabbi’s Son) verduidelik die betekenis van hierdie woord soos volg:

> *Atar-ing is not asking for what one wants from the Holy One. It is not a request for a blessing or a gift to make one's life easier. Atar-ing is what a covenant partner does when he has come to the end of himself, the end of his own strength, and the end of his own will, and cries out in desperation for the fulfillment of the promises made by his covenant partner. It is the kind of desperate baring of one's soul before the Holy One in prayer that David exhibited, and that more than anything else made the sweet Psalmist of Israel a 'man after the Holy One's own heart'. See II Samuel 21:14, II Samuel 24:25. It is the helpless cry of a contrite and humble spirit.*

Hoekom het Isak vir YHVH gesmeek? Want Isak het geweet dat hy die voortsetting van die belofte was wat YHVH aan sy vader Abraham gemaak het, naamlik:

יהוה *het vir Avram gesê: "Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word."* Gen. 12:1 tot 3.

Isak se eerste beproewing en toets van sy vertroue in YHVH is dus die feit dat Rebekka nie swanger word nie! Isak se smeekgebede is dus nie terwille van homself of terwille van Rebekka nie, maar dit is terwille van die belofte *en in jou sal al die families van die aarde geseën word*. Isak se smeekgebede is dus nie om selfsugtige redes nie, maar is namens sy vrou en die toekomstige nageslagte!

In die fisiese realm het Isak sekerlik alles gedoen sodat Rebekka swanger kan word! Maar Isak moes leer dat die fisiese nie so belangrik is as die geestelike nie. Hy moes leer om YHVH vir die bonatuurlike te vertrou, want hy het aan die einde van sy eie vermoëns en sy eie wil gekom! Hy moes leer om YHVH van die verbond met sy vader Abraham te vertrou om Rebekka, sy aardse verbondvennoot, te seën! Daarom het hy namens sy vrou – sy aardse hulp om die belofte te vervul – gesmeek!

Isak was 60 jaar oud toe sy twee seuns gebore was (Gen. 25:25 en 26). Hy en Rebekka het YHVH-God dus vir 20 jaar vertrou vir 'n erfgenaam volgens die belofte vir die voortsetting van die nageslag wat se getalle sal vermeerder tot soveel as die sterre aan die hemel (Gen. 15:5). Hulle gebede was verhoor, maar dit het vertroue, gehoorsaamheid en geduld vereis!

So word ons ook dikwels soos 'n Isak beproef nadat ons 'n belofte van YHVH ontvang het! Vader-God laat dikwels omstandighede en situasies in ons lewens toe wat ons bring op die punt waar ons aan die einde van ons eie vermoëns en eie wil kom sodat ons ook moet leer dat Hy steeds in beheer is en die getroue Verbondsgod is! Ons moet in die voetspore van Abraham, Sarah, Isak en Rebekka loop.

Beide Isak en Rebekka het rede gehad om moedeloos te word en te twyfel, want dinge het nie verloop soos hulle beplan of gehoop het nie! Maar onthou: *Sometimes when things are falling apart, they may actually be falling in place!!*

Ons moet leer dat die vervulling van YHVH se beloftes geduld vereis met volgehoue vertroue dat YHVH nie 'n mens is wat sal lieg nie, maar dat elke woord wat Hy spreek, waar sal word (Num. 23:19). Vader-God se beloftes is altyd vasstaande, maar dikwels tydsaam in vervulling. Die doel is om ons geloof (vertroue) in YHVH en ons geduld te beproef. Daarom sal daar in hierdie wagperiode dikwels omstandighede ontstaan wat die vervulling van die beloftes na 'n onmoontlikheid sal laat lyk!

Dan is dit ook belangrik dat ons nie, soos Abraham en Sarah, moet probeer om die vervulling van YHVH se beloftes te bespoedig of af te dwing nie. Isak het nie soos sy ouers ‘n plan bedink om ‘n nageslag deur Hagar, Sarah se slavin, te verwek nie (Gen. 16:1 tot 4). Nee, Isak het op YHVH bly vertrou om die belofte van ‘n nageslag deur Rebekka waar te maak en dit op YHVH se tyd!

Soos Isak moet ons ook volhard in die gebed en in alle omstandighede bly vertrou op Vader-God se beloftes. Yeshua het gesê en ons belowe:

Hou aan vra en vir julle sal gegee word; hou aan soek en julle sal vind; hou aan klop en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat aanhou vra, ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word. Luk. 11:9 en 10 – PWL.

Yeshua het ook ons volhardende gebede verduidelik aan die hand van ‘n gelykenis:

1 *Hy het ook vir hulle ’n vergelykende storie vertel dat ’n mens altyd moet bid en nie moeg word nie:* **2** *“Daar was ’n sekere regter in ’n stad wat God nie geëer of gevrees en mense nie respekteer het nie.* **3** *Daar was ook in daardie stad ’n sekere weduwee en sy het aanhoudend na hom toe gekom en gesê: ‘Bevry my van my teëstander in my hofsaak.’* **4** *Vir ’n tydperk wou hy nie, maar daarna het hy by homself gesê: ‘Al vrees of eer ek God ook nie en al respekteer ek ’n mens nie,* **5** *tog, omdat hierdie weduwee my uitput, sal ek vir haar intree sodat sy my nie versondig nie.’”* **6** *Ons Meester sê: “Hoor wat die bose regter sê.* **7** *Sal God dan nie verdediging bring vir dié wat Hy gekies het, wat dag en nag tot Hom roep en geduldig wees met hulle nie?* **8** *Ek sê vir julle dat Hy gou hulle verdediging sal bewerk en tog, as die Seun van die mens kom, sal Hy vertroue op die aarde vind?”*
Luk. 18:1 tot 8.

Namens Jou Hulp

Die feit dat Isak namens Rebekka gebid het, hou ook ‘n ander baie belangrike les vir getroude mans in, naamlik: *Hoe gereeld bid jy namens jou vrou – jou hulp*? En nog belangriker: *Hoe gereeld word jou gebede wat jy namens jou vrou bid verhoor*? In die verband is dit belangrik om aan Petrus se woorde aan elke man aangaande sy vrou herinner te word:

Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie. 1 Pet. 3:7.

Eweneens moet die volgende ook onthou word: Sowat 1200 jaar na die uittog uit Egipte het YHVH deur die profeet Maleagi die volk se geestelike welstand evalueer en ondermeer gesê dat hulle afgewyk het van YHVH se vereiste en bedoeling van die huwelik (Maleagi 2:13 tot 16).

13 *“Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van* יהוה *met trane, met gehuil en gekreun omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie.* **14** *Tog vra julle: ‘Om watter rede?’ Omdat* יהוה *Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond.* **15** *Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy gedoen terwyl hy ’n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie,* **16** *want Ek haat egskeiding,” sê* יהוה*, die God van Yisra’el “en hom wat dit wat verkeerd is met sy kleed bedek,” sê* יהוה*-Tzva’ot. “Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie.”*

Daarom het YHVH Sy seëninge van die volk weerhou omrede hulle nie die verbond met die liefde van hulle jeug eerbiedig (onderhou) het nie.

YHVH het die huwelik ingestel as ‘n bloedverbond! Daarom is die sukses van `n gelukkige huwelik gesetel in die feit dat die huwelik `n verbond is en as sulks eerbiedig moet word. Dit vereis begrip van die doel en betekenis van `n verbond en dat die beloftes en voorwaardes van die verbond deur beide die man en die vrou nougeset nagekom moet word.

Aangesien YHVH die huwelik ingestel het, sal Hy die vereistes stel en die antwoorde vir `n gelukkige en geseënde huwelik voorsien.

Indien die skepping van die mens soos opgeteken in Genesis 1 en 2 in oënskou geneem word, is dit duidelik dat YHVH:

- Besluit het dat Adam `n lewensmaat moet hê (Gen. 2:18 en 20); iemand wat vir hom `n hulp (intelektueel, emosioneel en fisies) kan wees. Daar was dus `n behoefte, of leemte, by Adam wat YHVH moes aanvul.

- `n Lewensmaat gebou het uit die rib van Adam (Gen. 2:21 en 22). Die Hebreeus vir bou (*banah*) beteken om met vaardigheid, kunstigheid en sorg iets te maak of te herstel. Die vrou vul die man aan, en staan hom by, in sy geestelike, emosionele en fisiese behoeftes. Verwys 1 Kor. 11:8 en 9.

- Het Eva aan Adam voorgestel het (Gen. 2:22).

- Was persoonlik betrokke was by die eenwording tussen man en vrou (Gen. 2:24).

- Het die voorwaardes van die eenwording bepaal het, naamlik hulle sal een vlees word (Gen. 2:24). Hierdie eenwording is die beginsel wat in `n verbondsverhouding geld. Die twee word as te ware een persoon (identiteit)(Gen. 2:23). Daarom deel en ervaar hulle alles saam – as een vlees.

Hierdie verbondsverhouding was op die horisontale en vertikale vlak. Horisontaal tussen Adam en Eva en vertikaal as individu, maar ook as eenheid met YHVH. Hierdie eenheid mag nie verbreek word nie.

Yeshua Messias se lering aangaande die huwelik was presies bogenoemde en het Hy dit ook so aan die Fariseërs verduidelik in Matt. 19:3 tot 9**.**

3 *Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en vir Hom gesê: “Is dit volgens die wet vir ’n man om oor enige rede van sy vrou te skei?”*
4 *Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Het julle nie gelees dat Hy wat hulle aanvanklik gemaak het, hulle man en vrou gemaak* **5** *en gesê het: ‘Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en aan sy vrou vaskleef en hulle twee sal een vlees wees’* **6** *sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees, nie? Wat God dan een gemaak het, laat geen mens dit skei nie.”*
7 *Hulle sê vir Hom: “Waarom het Moshe dan beveel om ’n skeibrief te gee en haar weg te stuur?”*
8 *Hy sê vir hulle: “Omdat Moshe julle weens die ongevoeligheid van julle verstand, wil en emosie toegelaat het om van julle vroue te skei, maar aanvanklik was dit nie so nie.* **9** *Ek sê vir julle dat wie ook al van sy vrou skei, anders as oor seksuele immoraliteit en ’n ander een trou, egbreuk pleeg en wie ook al met die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.”*

Opsommend het Yeshua die volgende gesê:

- Die siening en standaard van die huwelik soos onder Israel ontwikkel het, is benede YHVH se standaard en vereiste. Egskeiding is egter later toegelaat onder die wet (deur Moses) weens die hardheid van die volk se harte. Van die begin af was dit egter nie so nie.

- YHVH se doel met die huwelik is soos YHVH dit beplan het toe Hy Adam en Eva geskape het, naamlik dat `n man en vrou een sal word en nooit moet skei nie.

- Hierdie eenwording is so volkome dat beide as te ware hulle eie identiteit en geaardheid verloor en een nuwe identiteit en geaardheid vorm deurdat hulle een vlees word. Dit is `n eenwording van gees, siel en liggaam om iets nuuts te vorm.

- Die feit dat egskeiding om ander redes as egbreuk plaasvind, is deel van die mens se sonde geaardheid. Die doel van Yeshua se versoeningswerk aan die kruis is ondermeer om die huwelik te herstel tot die standaard soos deur YHVH gestel is.

Prediker 4:9 tot 12 is bevestiging van YHVH se doel en standaard van die huwelik,

9 *Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle harde werk,* **10** *want as hulle val, sal die een sy maat optel, maar wee die een wat alleen is wanneer hy val, want daar is niemand om hom op te tel nie.* **11** *Meer nog, as twee bymekaar slaap, sal hulle warm kry, maar hoe kan een alleen warm wees?* **12** *As een te sterk is vir hom, sal twee hom weerstaan en 'n driedubbele tou word nie gou gebreek nie.*

'n Suksesvolle huwelik bied aan beide die volgende:

- Vers 9: Twee wat tesame arbei, bereik meer in die lewe.

- Vers 10: Wedersydse geestelike, morele en fisiese ondersteuning.

- Vers 11: Warmte en sekuriteit van die huwelik (verwysend ook na die seksuele verhouding).

- Vers 12: Wedersydse beskerming en ondersteuning teen die aanslae van die lewe. YHVH self gee sterkte aan die tou, naamlik aan die eenwording van man en vrou.

`*n Driedubbele tou word nie gou gebreek nie* (vers 12) verwys na die drie-eenheid wat in `n huwelik moet wees, naamlik man en vrou en YHVH Yeshua. Vader-God is die derde deel van die tou wat die sterkte aan die huwelik gee.

Die mees suksesvolste en gelukkigste huwelike is waar beide man en vrou YHVH Yeshua met totale oorgawe dien. Die man moet ook die geestelike leier (beskermer en voorsiener) van sy huis wees wat bevoeg is om die vrou te onderrig aangaande die dinge van YHVH (1 Tim 2:11 en 12). Die vrou moet wel haar kinders onderrig ten opsigte van vertroue, liefde en heiligmaking (1 Tim. 2:15).

Dit is belangrik dat mans moet verstaan dat hulle 'n hulp nodig het!!

Van al die wesens wat YHVH geskape het, en wat Adam `n naam voor moes gee, was daar nie een wat by Adam gepas het nie (Gen. 2:20). YHVH het gesê dat dit nie goed is dat die mens (die man) alleen moet wees nie (Gen. 2:18), daarom het YHVH vir die man `n hulp gemaak wat by hom pas. Die vrou is die man se hulp wat hom in staat stel om te wees en te bereik dit wat YHVH hom voor bestem het.

Die woord “hulp” beteken ook *om te omring, te beskerm, om uit te help en te ondersteun*. Hierdie hulp is nie soseer fisies nie, maar verwys eerder na die geestelike-, intelektuele en emosionele hulp, asook die bevrediging van die man se sintuie.

Die man moet sy vrou versorg en behandel as `n hulp wat vir hom noodsaaklik is en sonder wie hy nie kan klaar kom nie. Hy moet haar liefhê soos hy homself liefhet (Ef. 5:28). Dan alleenlik sal die man die werklike waarde van sy vrou besef en YHVH se seën ontvang en dit kan wees wat YHVH wil hê hy moet wees.

Daarom is dit belangrik dat `n man met sekerheid van sy huweliksmaat moet kan sê: *“Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees”*, want sy keuse is `n lewenslange verbintenis.

Indien Adam alleen sou wees, en niemand anders het om lief te hê soos homself nie, sou sy hele bestaan egosentries (die eie ek is die middelpunt) gewees het. Ware liefde haal die fokus van jouself af en plaas die fokus op die een wat jy liefhet. Dit is die YHVH-tipe liefde (*agape*); dit is verbondsliefde. Verwys 1 Korinthiërs 13, veral verse 4 tot 7.

4 *Liefde is geduldig en sag. Liefde is nie jaloers nie. Liefde word nie omvergewerp nie, is nie opgeblase nie,* **5** *doen nie wat skandelik is nie, soek ook nie sy eie belange nie, word ook nie gou opgewerk nie, hou hom ook nie op met die bose nie,* **6** *verheug hom nie in die bose nie, maar verheug hom in die waarheid;* **7** *hou in alles uit, vertrou alles, het ’n versekerde verwagting in alles, verdra alles.*

Onthou: Beide man en vrou staan op gelyke voet voor YHVH. Die enigste onderskeid wat YHVH maak is in die gesagsorde waar YHVH die hoër gesag aan die man toeken (Ef. 5:23).

Omrede die man die hoof van die vrou is, is die vrou daarop geregtig om gekoester en versorg te word, want haar geluk en toekoms is nou grootliks van haar man afhanklik. YHVH gee aan die man die gesag om namens Hom na die vrou se belange om te sien. Daarom die vraag: *Hoe gereeld bid jy namens jou vrou – jou hulp*? Bid jy soos ‘n Isak met *atar* –gebede (smeekgebede)?

In `n huweliksverbond, soos in enige verbond, is jou eie belange en behoeftes ondergeskik aan jou verbondsvennoot se belange en behoeftes. Die verbondsbelofte is egter dat indien beide getrou is aan YHVH en aan mekaar, dan sal YHVH aan beide die begeertes van hulle hart gee en sal beide die man en vrou se gebde verhoor word!

Bepeins of Bespreek

1. Eerbiedig jy jou huweliksverbond? Onthou: ‘n Huweliksverbond word nie net verbreek deur ‘n buite egtlike verhouding nie, maar ook wanneer enige van die ander voorwaardes van die verbond ook verbreek word. Is jou pligte as vrou (hulp vir die man) en as man (hoof van die huis) deel van die verbondsvoorwaardes? Is die gebrek aan die nakoming van jou pligte as eggenoot en eggenote nie ook verbreking van die huweliksverbond nie? Onthou: Wanneer ‘n bloedverbond verbreek word moet die skuldige party sterf! Kan ontrouheid in die huweliksverbond lei tot die geestelike dood van die skuldige party?

2. Talle huwelike eindig nie in egskeiding nie, maar is ongelukkig en spanningsvol. Die resultaat van beide is `n samelewing van talle volwassenes en kinders wat ernstige emosionele skade het. Wat sou Maleagi vandag aangaande die Christendom se geestelike welstand sê indien hy sou kyk na die egskeidingsyfer van die wat bely dat hulle in Yeshua die Messias glo? Statistiek bewys dat daar geen verskil is in die aantal egskeidings tussen Christene en nie-Christene!

3. Vir die wat beplan om te trou en vir die wat getroud is, asook vir die wat wonder hoekom is hulle getroud, word die kursus "Die Huweliksverbond" aanbeveel. Dit kan afgelaai word by: KursusHuwelikHersien.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?

Deel 5: Verhewe Bo Yahuah!?

Hersiening

In Deel 4 is die gees wat Rabbynse Judaïsme dryf en wat ook in die Talmud openbaar word, bespreek. Aangesien Rabbynse Judaïsme ontken dat Yeshua die Messias is, is dit volgens die Skrifte van die nuwe verbond die gees van die Antimessias wat openbaar word (1 Joh. 2:22 en 23; 1 Joh. 4:2 en 3; 2 Joh. 1:7). Dit is dus ook hierdie gees wat in die Talmud openbaar word soos bewys word deur die lasterlike uitsprake teenoor Yeshua en Christene, asook die minderwaardige siening wat Jode van "nie-Jode" (*goy*) het en selfs van vroue in die algemeen!

Maar gelowiges en geestelike leiers, in veral die Messiaanse Beweging, is onkundig oor hierdie feite of ignoreer dit doelbewus. Talle geestelike leiers in die Messiaanse Beweging moedig gelowiges aan om die Talmud te bestudeer as deel van die "ontdekking van hulle Hebreeuse wortels" en vir beter begrip van en insig in die Torah van Moses. Op die wyse verontagsaam hulle Yeshua se waarskuwing teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 16:6, 11 en 12)!

Laat ons almal egter deeglik kennis neem van die woorde van die Apostel Johannes!

8*Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle 'n volle loon kan ontvang.* **9** *Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van Die Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.* **10** *As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, "welkom aan jou," nie,* **11** *want hy wat vir hom sê "welkom aan jou," het deel aan sy bose dade.* 1 Joh. 2:8 tot 11.

Sal jy iemand, of boeke, wat nie die leer van Yeshua verkondig nie, of veel erger nog, lasterlike dinge van Yeshua sê en dus die gees van die Antimessias openbaar, in jou huis

ontvang en sê: "welkom aan jou"? Nee, want Johannes waarsku en sê dat diegene wat dit doen het deel aan hulle – aan Rabbynse Judaïsme en die Talmud – se bose dade!!

In Deel 5 sal die gees van Rabbynse Judaïsme en van die Talmud verder ondersoek word en sal bewys gelewer word dat beide hulself bokant die gesag van YHVH-God stel.

Maar eers 'n stukkie geskiedenis wat bevestig hoe Rabbynse Judaïsme ontstaan het. In die 1905 Jewish Encyclopedia lees ons die volgende aangaande Fariseïsme:

> *With the destruction of the Temple (70 A.D.) the Sadducees disappeared altogether, leaving the regulation of all Jewish affairs in the hands of the Pharisees. Henceforth, Jewish life was regulated by the Pharisees; the whole history of Judaism was reconstructed from the Pharisaic point of view, and a new aspect was given to the Sanhedrin of the past. A new chain of tradition supplanted the older priestly tradition (Abot 1:1). Pharisaism shaped the character of Judaism and the life and thought of the Jew for all the future.*

Rabbynse Judaïsme is dus die voortsetting van Fariseïsme soos dit in die tyd van Yeshua en die apostels geken was. Vandag is die Babiloniese Talmud die oorhoofse gesag by wyse waarvan Rabbynse Judaïsme "regeer".

Yeshivas

In Israel en oral in die wêreld is daar talle *yeshivas*, naamlik Joodse instellings ("skole") waar hoofsaaklik mans hulle lewe wy aan die bestudering van die Talmud. Die klem is uitsluitlik op die Talmud **en nie op die Torah of die Tanakh nie**. Hierdie studente word daagliks blootgestel aan die oorleweringe van die Rabbis en hulle verklaringe en wette wat hoër gesag as die Woord van YHVH het. En soos in Deel 1 en Deel 4 bespreek is, bevat hierdie oorleweringe van die ou mense lasterlike uitsprake teen Yeshua en neerhalende sieninge van nie-Jode (die *goy*).

Die Talmud is ondermeer die dief waarna Yeshua verwys het toe Hy gesê het:

Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is. Joh. 10:10.

Die Talmud steel, verdraai en vernietig die waarheid van YHVH se Woord en veroorsaak geestelike dood! Die Talmud kan hoegenaamd nie beskou word as deur die Afgesonderde Gees geïnspireer nie, want dit verwerp Yeshua as die Messias en dit is, soos ons reeds gesien het, die gees van die Antimessias (1 Joh. 2:22 en 23; 1 Joh. 4:2 en 3; 2 Joh. 1:7)! Yeshua het vir ons gesê dat 'n boom word slegs aan sy vrugte geken!

16*Julle sal hulle aan hulle vrugte uitken. Pluk 'n mens druiwe van 'n doringbos of vye van distels?* **17***Net so dra elke goeie boom bruikbare vrugte, maar 'n waardelose boom dra verrotte vrugte.* **18***Dit is nie moontlik vir 'n goeie boom om verrotte vrugte te dra nie en vir 'n waardelose boom om bruikbare vrugte te dra nie.* **19***Elke boom wat nie bruikbare vrugte dra nie, word uitgekap en val in die vuur.* **20***Julle sal hulle daarom aan hulle vrugte ken*. Matt. 7:16 tot 20.

Talmud is 'n waardelose boom wat verrotte vrugte dra. Ja, daar is dele van Talmud wat menslike wysheid bevat, maar dit is die tipe lewenswaarhede wat ook elders te vinde is. Om die Talmud te bestudeer is gelykstaande aan die eet van die boom van kennis van goed en kwaad!

In die Talmud is daar ook baie fabels (verdigsels) van spesifieke gebeurtenisse waar die waarheid verdraai word met die doel om sekere beginsels van Joodse wette toe te lig of om sedelike en morele waardes te illustreer en te leer. Waarskynlik is dit waarna Paulus in sy brief aan Titus verwys het toe hy geskryf het:

> **10** *want daar is baie wat nie gehoorsaam is nie; hulle woorde is leeg en hulle mislei die gedagtes van mense, veral dié wat vanuit die besnydenisleer is.* **11** *Hulle mond moet gestop word, want hulle vernietig baie huishoudings en leer wat nie reg is nie, ter wille van vuil wins.* **12** *Een vanuit hulle, hul eie profeet, het gesê: "Die inwoners van Krete is altyd leuenaars, bose wildediere, kinderlose baarmoeders."* **13** *Hierdie getuienis wat hy gebring het, is waar; daarom moet jy hulle skerp aanspreek sodat hulle gesond kan wees in vertroue* **14** *en hulle nie oorgee aan Joodse fabels en opdragte van mense wat die waarheid haat nie.*
> Titus 1:10 tot 14.

Die studente in die *yeshivas* bestudeer dus nie YHVH se Woord nie, maar wel die Talmud en dus die oorleweringe en beslissings van mense. Hulle spits hulself nie daarop toe om die Boodskap (Woord) van Waarheid reguit te verkondig nie.

Maar ons wat Yeshua as Die Gesalfde van God ken moet gehoor gee aan Paulus se woorde aan Timotheus:

> **15** *Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig* **16** *en leë, vrugtelose praatjies vermy, want hulle sal al meer by hulle boosheid byvoeg, húlle wat daarin praat.* 2 Tim. 2:15 en 16.

Die Talmud kan in vele opsigte as vrugtelose praatjies beskou word!

Verhewe bo YHVH?!

In Deel 4 is dit ook bespreek dat Jode hulself as verhewe bo die nie-Jode (die *goy*) beskou. Ons vind ook die bewys hiervan in die Skrifte van die nuwe verbond toe Yeshua die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel het (Luk. 10:25 tot 37). Die priester en die Leviet het hulself as verhewe bo die aangerande en verwonde man beskou, maar die Samaritaan – die nie-Jood – het barmhartigheid betoon!

'n Voorbeeld van 'n fabel in die Talmud, maar wat ook die verhewe gesindheid van Rabbynse Judaïsme teenoor YHVH openbaar, is ondermeer opgeteken in die Babiloniese Talmud, *Baba Metzia 59b***:** (http://jhom.com/topics/voice/bat_kol_bab.htm#3). Hierdie fabel handel oor 'n groep Rabbis wat debateer of 'n oond wat ritueel onrein is, weer rein gemaak kan word. Almal, met die uitsondering van een, is eenstemmig dat die oond nie weer rein gemaak kan word nie. Hier volg die fabel soos dit opgeteken is in die Babylonian Talmud, Baba Metzia 59b**:**

> *If a man made an oven out of separate coils [of clay, placing one upon another], then put sand between each of the coils [1] — such an oven, R. Eliezer declared, is not susceptible to defilement, while the sages declared it susceptible.[2]*
>
> *It is taught: On that day R. Eliezer brought forward every imaginable argument, but the Sages did not accept any of them. Finally he said to them: "If the Halakhah (religious law) is in accordance with me, let this carob tree prove it!" Sure enough the carob tree immediately uprooted itself and moved one hundred cubits, and some say 400 cubits, from its place. "No proof can be brought from a carob tree," they retorted.*

And again he said to them "If the Halakhah agrees with me, let the channel of water prove it!" Sure enough, the channel of water flowed backward. "No proof can be brought from a channel of water," they rejoined.

Again he urged, "If the Halakhah agrees with me, let the walls of the house of study prove it!" Sure enough, the walls tilted as if to fall. But R. Joshua, rebuked the walls, saying, "When disciples of the wise are engaged in a halakhic dispute, what right have you to interfere?" Hence in deference to R. Joshua they did not fall and in deference to R. Eliezer they did not resume their upright position; they are still standing aslant.

Again R. Eliezer then said to the Sages, "If the Halakhah agrees with me, let it be proved from heaven." Sure enough, a divine voice cried out, "Why do you dispute with R. Eliezer, with whom the Halakhah always agrees?" R. Joshua stood up and protested: "The Torah is not in heaven!" (Deut. 30:12). We pay no attention to a divine voice because long ago at Mount Sinai You wrote in your Torah at Mount Sinai, `After the majority must one incline'. (Ex. 23:2)"

R. Nathan met [the prophet] Elijah [3] and asked him, "What did the Holy One do at that moment?" Elijah: "He laughed [with joy], saying, 'My children have defeated Me, My children have defeated Me.'"

Footnotes:

[1]Since each portion in itself is not a utensil, and the sand between the portions prevents the oven from being regarded as a single utensil, therefore, according to R. Eliezer, the oven is not liable to defilement. The sages, however, hold that the oven's outer coating of mortar or cement unifies the coils so that the oven is liable to defilement. Back

[2]The oven discussed was the oven of Akhnai. Back

[3]It was believed that Elijah, who had never died, often appeared to the sages. Back

Is hierdie slegs ‘n “onskuldige” fabel (verdigsel)? Nee, want lees die gesindheid en siening van Rabbi Joshua toe hy gesê het: *"The Torah is not in heaven!" (Deut. 30:12). We pay no attention to a divine voice because long ago at Mount Sinai You wrote in your Torah at Mount Sinai, `After the majority must one incline'.* En dan ook die verdigsel van Rabbi Nathan wat vir Elia ontmoet het en op navraag gevra het wat was YHVH se reaksie op Rabbi Joshua se standpunt: *"He laughed [with joy], saying, 'My children have defeated Me, My children have defeated Me.*

Hierdie is ‘n bespotting van YHVH en hoegenaamd nie respekvolle eerbetoon nie. Dit herinner ons aan Ps. 1:1.

1 *Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie.*

Spotters is diegene wat hulle bokant YHVH verhef! Rabbynse Judaïsme is spotters van YHVH soos bogenoemde fabel bevestig!

Let ook op wat Ps. 1:2 en 3 ook sê, naamlik hy wat sy vreugde vind in die Torah, **nie in die Talmud nie**, *sal wees soos ’n boom wat geplant is by ’n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig*!

Bogenoemde fabel is maar een van vele bewyse dat Rabbynse Judaïsme hul eie gesag en die van die Talmud bokant dié van YHVH-God verhef.

Dit word bevestig deur die Babylonian Talmud, Baba Metzia 33a waar dit geskryf is:

Our Rabbis taught: They who occupy themselves with the Bible [alone] are but of indifferent merit; with Mishnah, are indeed meritorious, and are rewarded for it; with Gemara – there can be nothing more meritorious; Said R. Johanan.

Ek herhaal die volgende uitspraak van Rabbi Laura Geller, Senior Rabbi, Temple Emanuel of Beverly Hills, California wat verskyn het in die Huffington Post , 2 April 2, 2011

"Jews don't read the Bible literally. We read it through the lens of generations of interpretations ***and acknowledge the evolution of human understanding of God***. ***The Talmudic image of God is vastly different from the image of God presented in the Bible."***

Rabbynse Judaïsme glo dat YHVH die Torah aan Moses gegee het, maar dat die Jode toe die taak opgelê is om YHVH se Torah verder te "ontwikkel" – dit wat deur die eeue gebeur het word beskou as die evolusie van die menslike begrip van YHVH-God. Dit is hoe die mondelinge Torah ontstaan het wat vandag bekend is as die Talmud. Daarom erken Rabbi Geller: *The Talmudic image of God is vastly different from the image of God presented in the Bible.*

Hyam Maccoby, 'n Britse Jood en bekende skrywer lewer die volgende kommentaar op hierdie uitlating van Rabbi Geller:

"This extraordinary story strikes the keynote of the Talmud. God is a good father who wants His children to grow up and achieve independence. He has given them His Torah, but now wants them to develop it..."

Kan jy hierdie misleiding raaksien? Is dit die wil van YHVH dat sy kinders moet opgroei en onafhanklik van Hom moet funksioneer? Is dit die wil van YHVH dat ons Sy Vaderhart buite die bladsye van Sy Afgesonderde Skrifte moet ontdek? Nee, dit is nie die wil van ons Vader nie, maar wel om volmaak (geestelik volwasse) te wees soos Hy (Matt. 5:48), **maar** in totale afhanklikheid van Hom in Yeshua Messias! Yeshua het gesê:

Dít is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid. Joh. 17:3.

Rabbynse Judaïsme en die Talmud ken YHVH nie en ken nie Sy Seun, Yeshua Die Gesalfde Een nie! Dit is 'n rookskerm wat voorgehou word dat hulle YHVH beter ken as die wedergebore en Geesgevulde kind wat met toewyding die Afgesonderde Skrifte bestudeer en gehoorsaam is aan die Torah soos dit in Yeshua volbring is.

Rabbynse Judaïsme het nie net Yeshua verwerp nie, maar het ook hulle rug op YHVH gekeer en hulle eie god "ontwikkel" wat hulle dien. Onthou Paulus se woorde: Hulle het hulle eie geregtigheid opgerig, want hulle ken nie God se geregtigheid nie (Rom. 10:3). Daarom het Yeshua vir hulle gesê;

42 *Yeshua sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur.*
43 *Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie.*
44 *Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is*

'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, **45***maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat.* **46***Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie?* **47***Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie."* Joh. 8:42 tot 47.

Sal jy Rabbynse Judaïsme en die Talmud in jou huis ontvang en sê: "welkom aan jou"? Nee, want diegene wat dit doen het deel aan hulle, naamlik aan Rabbynse Judaïsme en die Talmud se bose dade!!

Soos ek al voorheen gesê het is dit wat ek in hierdie reeks met julle deel, maar net die tippie van die ysberg – die oortjies van die seekoei! Ek wil elkeen weereens aanmoedig om hierdie dinge self te ondersoek en tot jou eie besluit te kom! Maar wees verseker dat die Talmud het 'n menigte "gesigte" (fronte) waarvan die meeste vir jan-alleman weggesteek word!

It's true that the Torah has 70 faces, but the trend of these faces is clear: The source of the pollution is in halakha (Jewish law) itself – Yossi Sarid (Israeli writer).

So is daar ook voldoende bewyse dat soos die Engelse weergawes van die Talmud beskik baar geraak het, is daar pogings aangewend om stellings wat kru en kras is, asook dit wat aanstoot gee en as haatspraak en neerhalend is te "versag" of heeltemal te verwyder!

Die Talmud se siening van vroue is ook skokkend, soos byvoorbeeld:

If a man and a woman are drowning in a river, first they'll save the man, 'who is obligated to perform more commandments,' whereas a woman's 'wisdom is only in the spindle.' In fact, 'words of Torah should be burned rather than being given to women.'

Diegene wat meer wil weet oor die Talmud se siening van vroue, kan op hierdie skakel kliek:

- http://www.bj.org/Articles/worse-than-invisible-ruminations-on-woman-and-talmud-torah/ - Worse Than Invisible: Ruminations on Woman and Talmud Torah – Rabbi Sharon Brous.

Die volgende videos word ook aanbeveel:

- https://www.youtube.com/watch?v=ZA-JCLYeDro The Jewish Talmud Exposed – Brother Nathanael.

- https://www.youtube.com/watch?v=zJ1fgnsGfsg Jewish Talmud Exposed! – "Jesus In Hell Boiling In Faeces!"

- https://www.youtube.com/watch?v=zvhIYNzBtLs Dr. David Duke - Jewish Racism Against Gentiles (Goyim). **Hierdie is regtig die moeite werd om te kyk!!**

- https://www.youtube.com/watch?v=yle_qeeOIMA How The Jews Mock Jesus Christ. [Dink hieraan! Sou daar met die Jodedom en hulle geloofsoortuiging gespot word, sal dit as antisemitisme en 'n ernstige oortreding beskou word, maar wat word dit genoem as Jode met Yeshua spot?]

Ten slotte: In die lig van alles wat ek tot op hede met julle gedeel het aangaande Rabbynse Judaïsme en dit wat in die Talmud ondermeer geskryf is, is dit te verstane wat die oorsprong

van antisemitisme (Jode-haat) is. Hierdie haat is **geensins geregverdig nie**, want Yeshua het gesê dat ons ons vyande, en dit sluit die vyande van YHVH in, moet liefhê!

Maar dit is te verstane dat konings en keisers in die eerste eeue na Messias opdrag gegee het dat die Talmud verbrand moet word. Dit is ook hoekom Martin Luther se aanvanklike simpatie met die Jode verander het in ‘n ernstige waarskuwing oor die gevare van Rabbynse Judaïsme en die Talmud. Dit is ook die rede hoekom ortodokse Jode soos die Karaïete die Talmud verwerp!

In Deel 6 sal hierdie aspek verder bespreek word.

Ek wil dit ook herhaal dat alle Jode nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie! Hierdie reeks gaan oor die boosheid en misleiding van Rabbynse Judaïsme en van die Talmud – nie oor Jode-haat nie!! Ek skryf hierdie dinge in die vertroue dat gelowiges in Yeshua as die Messias, veral in die Messiaanse Beweging, se oë oop sal gaan en dat ons as dissipels van Yeshua die swaard van die Woord van YHVH sal opneem om hierdie boosheid te beveg!

Ons broers in die huis van Juda moet die blye boodskap van redding deur Yeshua hoor!! Die waarheid wat hulle vry sal maak!

-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete.
Johan.

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.